

Woensdag Brief 27 Mei 2020

Groete vanuit die pastorie

Wanneer die eerste sneeu in die Boland val, dink ek altyd aan NP Van Wyk Louw se Herfs-gedig met die heerlike prentjie-begin van 'Die jaar word ryp in goue akkerblare, in wingerd wat verbruin, en witter lug wat daglank van die nuwe wind en klare son deurspoel word; elke blom word vrug, tot selfs die traagstes; en die eerste blare val...'

Elkeen het in sulke tye hulle eie verlange en onthou van plekke waar hulle was en van hulle jong dae. Ek verlang na my grootwordhuis in Tamboerskloof met sy wye uitsig van Leeukop reg verby Tafelberg en Duiwelspiek tot by die hawe. En my ma se koeksisters en my pa se familie se wintertyd se kom kuier. En ons kuiers soms in die koue tye in die Koue-Bokkeveld se kuierplaas Onderboschkloof teen die Olifantsrivier waar ons die vliegengelkuns vervolmaak het om forelle te vang.

Ek verlang dan ook altyd na Fernkloof bokant Hermanus waar ek sulke tye weet waar om te gaan kyk na die koningsproteas wat in volblom oopgesprei het – by plekke met vêrgesigte oor berg en see. Dan ruik ek in verlange na die reuke van die fynbos en al die Erica's se blomkleure wat die rante so wyd inkleur.

Ek verlang vêrder na die stil koue van die Namib en die Kalahari waar die gemsbokke snags klink of hulle loop op harde ys en die leeus brul asof hulle warmte soek. En na Windhoek se koffiewinkels en vars gebakte brötchens. En van die wintertye se kuiers in Etosha en by ou vriende wat daar naby boer en die heerlike biltong wat hulle altyd ophande het.

Ek verlang na my skoonpa se plaas in die Paarl met sy heerlike warm kaggel in die klein sitkamer en sy glasies KWV wyn in KWV glase wat soos robyn skitter en smaak. Ek verlang na die Eersterivier in Jonkershoek wat in volheid afhol Stellenbosch toe. En hoe dit lyk en voel en ruik om laataand in die Laan teen die rivier te gaan loop na die sneeu die Pieke wit gemaak het.

My dogter vertel dat teen die Swartberg bokant Klaarstroom die boerbokke klaar gelam het en nou begin die skaapooie lam en dat hulle al laas naweek na De Aap teen die Swartberge gaan loop het en dat die proteas aan die blom is. My seun vertel dit ysig in Sutherland is en dat daar ook 22 mm reën in die distrik geval het.

En orals lees ek dat mense nou praat vandat dit sopkoud is. Dat Lario Louw in Keimoes ene heimwee is na die ou enorme swartstoof wat permanent gebrand het. Die dikgatketel op die een hoek vol swart sterk moerkoffie. Ertjiesop en murgbene in 'n swaar pot, gesellig aan't gesels met die ketel.

In die Wes-Kaap water die mense monde na souskluitjies, pannekoek en na groenboonbredie met skaapvleis en skaapkerrie met vetkoek en wildpastei. Aniki Joseph vertel dat hulle in die koue van die winter op Sondag bederf was met nagereg van gestoofde perskes en pruime onder fluweelsagte tuisgemaakte vla en van tuisgebakte brood en gemmerbier.

Ek sien die foto's van Jannie Ellis se skape in 'n sneeu-omgewing op sy plaas bokant Klarstroom en Anneke du Preez se foto van die Kamanassies duskant De Rust en ook Tinie Bekker se foto van die Swartberge vanuit Kruisrivier neffens Calitzdorp. Sommer van die huis sien ek ook die Swartberg is bestrooi met 'n wit bedekking van sneeu en oor die Rooiberg lê die koue wolke heeldag dik.

In die dorp ruik ek die kaggelvure wat opgesteek is en so ook in die pastorie brand die kaggel gister byna heeldag met die juffrouens snoesig aan't voorberei vir die skool se begin. Die worshond is omgewe met sy warmjassie, maar die Bouvier geniet die koue buite op die werf. Orals begin die bolplante stingel maak en sommige het al begin blom. Die akkerbome se blare het begin val en die neutboom en appelkose langsaan is herfsgeel en elke dag yler.

Die jaar het ryp geword – ook in Calitzdorp waarna ek ook vorentoe sal verlang na sy mense en vrugte en wyn en berge en vriende.

Ek groet vireers